

**ADV. B.J. VORSTER SE BELEID T.O.V. AFRIKA: LOGIESE ONTPLOOING
VAN VERWOERD SE INTERPRETASIE?**

J.N. Klee
Departement Geskiedenis
Vista Universiteit
Sowetokampus
Privaatsak X09
2013 Bertsham

G. Verhoef
Departement Geskiedenis
Randse Afrikaanse Universiteit
Posbus 524
2006 Aucklandpark

Vorster's policy towards Africa: logical unfolding of Verwoerd's interpretation?

Vorster's interpretation of aspects of the policy of separate development contributed to political differences in the National Party since 1967. Vorster's declared support for the political principles of the National Party and the "strong man" image he obtained as Minister of Justice and during his first few weeks as Prime Minister, convinced the National Party that he would follow the path of Verwoerd. Vorster's sports and African policy, however led to suspicion amongst some members of the National Party, who believed that Vorster's interpretation was a deviation from traditional National Party policy. This deviation to the left, contributed to a split within the National Party in 1969. This article investigates whether Vorster's interpretation of the policy towards Africa, with the emphasis on diplomatic relations, was the logical unfolding of Verwoerd's interpretation of this issue or whether he, as in his sports policy, deviated from the guidelines set by Verwoerd in 1964.

It is generally accepted, by inter alia J.A. du Pisani and A.P.J. van Rensburg, that Vorster's interpretation of the policy towards Africa with the emphasis on diplomatic relations, was the logical unfolding of Verwoerd's interpretation. In contrast to these views, the authors conclude that, although Vorster repeatedly gave the assurance that he did not deviate from party principles, he in actual fact deviated from the guidelines laid down by Verwoerd regarding the African policy. Compared to Verwoerd, Vorster did not implement the policy of separate development to the logical Verwoerdian consequences.

Vorster se interpretasie van seker aspekte van die beleid van afsonderlike ontwikkeling sedert 1967, het die grondslag gevorm van die politieke woelinge in die Nasionale Party, wat sedert 1967 in intensiteit toegeneem het. Vorster se beeld van "kragdadigheid" en getroue ondersteuner van beleidsbeginsels van die Nasionale Party, wat hy veral deur sy optrede as Minister van Justisie en gedurende sy eerste paar maande as Eerste Minister verkry het, het die Nasionale Party daarvan oortuig dat hy die weg van Verwoerd sou volg. Vorster se interpretasie van die sport- en Afrikabeleid het egter hierdie oortuiging verander na een van agterdog onder sommige lede van die Nasionale Party. Hulle was van mening dat Vorster se interpretasie van hierdie aspekte 'n afwyking weerspieël het van die tradisionele beleid van die Nasionale Party. Vorster se

interpretasie het 'n koersafwyking na links verteenwoordig wat in 1969 tot 'n skeuring in die Nasionale Party gelei het. Hierdie artikel stel ondersoek in na die vraag of Vorster se interpretasie van die beleid t.o.v. Afrika met die klem op diplomatieke betrekkings, die logiese ontplooiing was van Verwoerd se interpretasie van hierdie saak en of Vorster nie dalk, soos met sy sportbeleid, afgewyk het van die riglyne wat Verwoerd in 1964 aangaande die saak gestel het nie.

Dit word oor die algemeen aanvaar, bv. deur J.A. du Pisani en A.P.J. van Rensburg, dat Vorster se interpretasie van die beleid t.o.v. Afrika met die klem op diplomatieke betrekkings, die logiese ontplooiing van Verwoerd se interpretasie was. In teenstelling met bogenoemde standpunte word daar in hierdie artikel tot die gevolgtrekking gekom dat t.s.v. Vorster se herhaaldelike verweer dat hy nie met sy interpretasie afgewyk het van partybeginsels nie, hy tog met sy interpretasie van die Afrikabeleid afgewyk het van die riglyne wat Verwoerd neergelê het. Vorster het nie die beleid van afsonderlike ontwikkeling na 1966, volgens die interpretasie van Verwoerd, tot sy logiese konsekwensies gevoer nie.

Inleiding

Vorster se uitwaartse beleid wat weerspieël is in sy sport- en Afrikabeleid, het 'n groot rol gespeel in die skeuring wat in 1969 in die Nasionale Party plaasgevind het. Hierdie skeuring was die gevolg van verdeeldheid wat reeds in die Verwoerd-era in Afrikanergeleedere onder die oppervlakte aanwesig was. Dié verdeeldheid was hoofsaaklik veroorsaak deur dr. H.F. Verwoerd se inkleding van die beleid van afsonderlike ontwikkeling.¹ Hoewel daar reeds in die Verwoerd-era verdeeldheid was, was dit Vorster se uitwaartse beleid wat hierdie verdeeldheid laat ontwikkel het tot 'n verlig - verkramptstryd. Hierdie stryd en verdeeldheid in Afrikanergeleedere was nie alleen die uitvloeiing van meningsverskille oor politieke aangeleenthede nie. In sy wese was dit 'n ideologiese stryd waarin Afrikaners met mekaar gewikkel was oor kernvraagstukke: "Dit (was) 'n botsing tussen twee wesenlik verskillende lewensbeskouings", 'n stryd tussen die konserwatiewe en liberale denkgroting in die Afrikanergeleedere.²

Vorster se uitwaartse beleid, wat hy op 17 Februarie 1967 vir die eerste keer uiteengesit het, het gefokus op twee aspekte nl. 'n sportbeleid en Afrikabeleid. In beginsel was dit 'n beleidsbenadering wat wegbeweeg het van die dogmatiese toepassing van beleidsbeginsels en gekenmerk is deur aanpasbaarheid by veranderende omstandighede, in beginsel dus 'n baie pragmatiese toepassing van beleidsbeginsels. Met dié beleid wou Vorster Suid-Afrika ten volle deel maak van die internasionale wêreld en Suid-Afrika se toenemende internasionale isolasie verbreek deur Suid-Afrika se binnelandse beleid aan die wêreld te verduidelik om wanopvattinge uit die weg te ruim.³ Hy het geglo dat die beleid van afsonderlike ontwikkeling nie net 'n oplossing gebied het vir Suid-Afrika se rassevraagstuk nie, maar ook soortgelyke vraagstukke in die wêreld.⁴ Vorster het egter beklemtoon dat hierdie uitwaartse beweging nie ten koste van Suid-Afrika se binnelandse beleid sou

J.A. du Pisani, Die politieke verdeeldheid in Afrikanergeleedere 1966-1970 met besondere verwysing na die beleid en leierskap van B.J. Vorster (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS, 1984), p. 2; J.H.P. Serfontein, *Die Verkrampte aanslag* (Kaapstad, 1970), p. 14.

2. J.H.P. Serfontein, *Die Verkrampte aanslag*, pp.14-15; J.A. du Pisani, Die politieke verdeeldheid in Afrikaner-geleedere, pp. 2-3.

3. *Die Burger*, 18.2.1967; *Die Vaderland*, 18.2.1967.

4. PV 132: adv. B.J. Vorster-versameling, leër 3.6.96, Uittreksels uit die toespraak gelewer deur sy eedele die Eerste Minister by die kongres van die Nasionale Party in Durban, 16.8.1967.

plaasvind nie, 'n faktor waaroor konserwatiewes in die Nasionale Party bekommerd was. Hy het ook beklemtoon dat hy nie die beleid sou hervorm om aanvaarbaar vir die internasionale gemeenskap te wees nie.⁵ Ten opsigte van Suid-Afrika se beleid teenoor Afrika het Vorster op 9 November 1966 gesê dat hy met Afrika wil saamwerk, maar nie inmenging in Suid-Afrika se binnelandse beleid sou duld nie.⁶ Op 29 November 1966 het hy beklemtoon dat hy 'n toename in samewerking en kontak met Afrikastate voorsien en sy standpunt oor geen inmenging beklemtoon.⁷

In die vroeë stadium van sy ampstermyn was daar geen aanduiding dat sy politieke standpunt t.o.v. sleutelaspekte van die beleid van afsonderlike ontwikkeling sou verskil van Verwoerd nie. Vorster het na sy verkiesing as Eerste Minister herhaaldelik die versekering probeer gee dat hy nie sou afwyk van die Nasionale Party se beleid en beginsels nie en dat hy nie sou hervorm a.g.v. druk nie.⁸ Hy is ook beskou as 'n konserwatiewe persoon wat hom nie sou steur aan die verligtes in die Nasionale Party nie.⁹ Vorster het self net na sy verkiesing as Eerste Minister in September 1966 verklaar: "You ask me what course I will follow. My course is to go further on the road which dr. Verwoerd followed."¹⁰

Ten spyte van Vorster se versekerings dat hy nie van die beleid van die Nasionale Party sou afwyk nie, het dit egter gou duidelik geword dat sy leierskap wesenlik sou verskil van dié van Verwoerd. Dié verskil in leierskap het neergekom op klem- en metodeverskille oor die implementering van bepaalde aspekte van die beleid en het geleidelik aanleiding gegee tot 'n stelselmatige afwyking van die beginsel van skeiding, veral merkbaar in sy sport- en Afrikabeleid.¹¹ Vorster se beklemtoning van die praktiese implikasies en die eise van omstandighede in die toepassing van die beleid eerder as op die beginsels, asook sy standpunt dat die beginsels van die beleid nie dogmaties toegepas moet word nie, het van Vorster 'n pragmatiese leier gemaak, wat hom laat lei het deur veranderende omstandighede in en buite Afrika en nie slegs deur die beginsels van die Nasionale Party nie.¹²

Vorster se standpunt dat hy nie die Nasionale Party se beleid sou hervorm of van die beginsels sou afwyk om aanvaarbaar vir die internasionale gemeenskap te wees nie, is toenemend bevraagteken deur konserwatiewes soos dr. A. Hertzog en J. Marais. Dit was veral sy sportbeleid wat gesien is as 'n afwyking van Verwoerd se beleidsinkleding, deurdat dit die deure geopen het vir 'n beperkte mate van sportintegrasie in Suid-Afrika. Dit het ook beteken dat die beginsels van die beleid van skeiding ondergeskik gestel is aan die handhawing van sportbetrekkings met die buiteland ten einde internasionale sportisolاسie

-
5. PV 132 : Adv.B.J.Vorster-versameling, Leër 3.6.96, Verklaring deur die agbare Eerste Minister op 29.11.1966 by die vergadering van die Witwatersrandse Nasionale Party-kongres.
 6. *Afrika-Instituut Bulletin*, 5, Junie 1967.
 7. PV 132: adv. B.J. Vorster-versameling, leër 3.6.98, Verklaring deur die agbare Eerste Minister op 29.11.1966 by die vergadering van die Witwatersrandse Nasionale Party-kongres.
 8. O. Geysler, *Geredigeerde toesprake van die sewende Eerste Minister van Suid-Afrika* (Bloemfontein, 1976), pp. 59-73; Vergelyk ook J.N. Klee, Die "Verligte aksie" in die Nasionale Party 1959-1970, met verwysing na adv. B.J. Vorster en die Afrikaanse pers (Ongepubliseerde M.A.-skripsie, RAU, 1993), pp. 66-84.
 9. PV 132: adv. B.J. Vorster-versameling, leër 2.6.1.2, Brief van C. Mulder aan Vorster, 15.11.1966; PV 132 adv.B.J.Vorster-versameling, leër 2.6.1.3, Brief van J. Spies aan Vorster, 14.2.1967.
 10. *South African Digest*, 37, September 1966.
 11. *Die Volksblad*, 20.3.1967; *Cape Times*, 20.3.1967; F.A. van Jaarsveld, *Die evolusie van apartheid en ander geskiedkundige opstelle* (Kaapstad, 1979), pp. 16-23.
 12. *Hansard*, deel 17, 21.9.1966, kol.2648; O. Geysler, *Geredigeerde toesprake van die sewende Eerste Minister van Suid-Afrika*, pp. 78-80, 100-103; Pamflet, *Rassevermenging op sportgebied*, Toespraak gehou deur Jaap Marais, Pretoria, 2.10.1969.

te bekamp.¹³ As 'n belangrike onderdeel van sy uitwaartse beweging het Vorster met sy sportbeleid dus afgewyk van die beginsel van skeiding, hoewel hy dit ontken het. Hy het daarop gewys dat sy sportverklaring nie geïnterpreteer moet word as: "... die dun ent van die wig, of 'n oorgawe van beginsels, of dat dit 'n stap in die rigting is om van hierdie basiese beginsels af te wyk ..." ¹⁴ nie. Met " Afrikabeleid " word bedoel die eksplisiete beleid oor verhoudinge tussen Suid-Afrika en alle ander state in Afrika, oor alle terreine, individueel en kollektief. Die Afrikabeleid was net *een* aspek van Vorster se " detêntè - " of sy uitwaartse beleid. Die uitwaartse beleid van Vorster verwys na sy algehele benadering om Suid-Afrika se verhouding met feitlik die hele internasionale gemeenskap te normaliseer. Een aspek, naamlik die Afrikabeleid, is in hierdie artikel ter sprake en dan in besonder die kwessie van diplomatieke betrekkinge. Aan die orde hier is dus die vraag of Vorster se hantering van die kwessie van diplomatieke betrekkinge met Afrikastate die beleid van die Nasionale Party soos wat Verwoerd dit geïnterpreteer het, logies verder gevoer het en of Vorster begin het met 'n ander rigting vir die Nasionale Party? Daar is skrywers wat aanvaar dat Vorster se beleid teenoor Afrika, met die klem op diplomatieke verteenwoordiging, die logiese konsekwensie was van die beleid van die Nasionale Party sedert 1948. J.A. du Pisani in sy werk *Die politieke verdeeldheid in Afrikanergeleedere 1966-1970* met besondere verwysing na die beleid en leierskap van B.J. Vorster huldig die mening dat: "Vorster se uitwaartse beleid, met inbegrip van diplomatieke betrekkinge met swart state, beskou (kan) word as 'n voortsetting en logiese ontplooiing van sy voorgangers se beleid."¹⁵

A.P.J. van Rensburg in sy werk *Afrika-verskeidenheid*, huldig 'n soortgelyke standpunt. Hy verdeel Vorster se beleid teenoor Afrika in drie fases, naamlik die "bepaalde kontak" fase van 1967 tot die middel van 1970, die "dialoog" fase sedert die middel van 1970 tot 1974 en die "detêntè - politiek" fase sedert 1974. Hy gaan verder en beweer dat die "bepaalde kontak" fase reeds deur Verwoerd begin is met sy ontvangs van Hoofman Leabua Jonathan van Lesotho (Basoetoeland) en dat Vorster daarop voortgebou het. As daar dus in ag geneem word dat hierdie "bepaalde kontak" fase tot die middel van 1970 geduur het, kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat dit wat Vorster in hierdie tydperk gedoen het, alles die logiese konsekwensies was, volgens Van Rensburg, van dit wat Verwoerd reeds begin het.¹⁶

Dié artikel wil bepaal of Vorster se interpretasie van die Afrikabeleid 'n afwyking van die beleid van skeiding weerspieël. Om dié rede val die fokus in die artikel nie op ander aspekte van die uitwaartse beleid, soos die sportbeleid nie, maar uitsluitlik op Vorster se interpretasie van die Afrikabeleid in vergelyking met die van Verwoerd. Die uitgangspunt van hierdie artikel is dat Vorster juis d.m.v. sy beleid oor Afrikabetrekkinge, met fyn nuanse-aanpassings aan die beleidsinkleding van Verwoerd begin het. Die artikel sal aantoon dat Vorster se interpretasie van Verwoerd se beleid oor betrekkinge met Afrika, nie dieselfde as Verwoerd s'n was nie. Vorster se persepsie van die gevolge van betrekkinge met Afrikastate het aan hom die geleentheid gebied om sy eie siening van wat die logiese konsekwensie van die Nasionale Party se beleid van afsonderlike ontwikkeling moes wees, te implementeer. In hierdie opsig is die Afrikabeleid die begin van Vorster se

-
13. *Hansard*, deel 20, 11.4.1967, kol.4108-4117; Pv 132: adv. B.J. Vorster-versameling, leër 3.6.97, Uittreksels uit die toesprake deur sy edele die Eerste Minister te Heilbron op 16.8.1968, p.10; Pamflet, Rassevermening op sportgebied, Toespraak gehou deur Jaap Marais, Pretoria, 2.10.1969.
 14. *Hansard*, deel 20, 11.4.1967, kol.4108 - 4117; *Die Burger*, 15.4.1967: Dawie "Uit my Politieke Pen"; *Die Beeld*, 15.4.1967: Hoofartikel.
 15. J.A. du Pisani, *Die politieke verdeeldheid in Afrikanergeleedere*, pp. 191-192.
 16. A.P.J. van Rensburg, *Afrika-verskeidenheid* (Kaapstad, 1976), p. 338.

eiesoortige inkleding van die Nasionale Party se beleid en nie 'n sogenaamde logiese voortsetting van Verwoerd se beleidsinkleding nie.

Verwoerd se interpretasie van die beleid t.o.v. Afrika

In 'n poging om te bepaal of Vorster afgewyk het van die beleid en beginsels van die Nasionale Party, moet daar na Verwoerd se interpretasie van diplomatieke betrekkinge met swart state in Afrika gekyk word. Dat daar wel nouer kontak met Afrikastate in die toekoms voorsien is deur Vorster se voorgangers, bestaan geen twyfel nie. Reeds in 1957 het adv. J.G. Strijdom dit voorsien dat meer kontak op staatkundige gebied met die res van Afrika in die toekoms sou moes plaasvind, 'n situasie wat hoofsaaklik meegebring is deur die veranderinge in Afrika.¹⁷ Later het Strijdom weer na Suid-Afrika se verhouding met Afrika verwys en gesê: "Een na die ander kom onafhanklike nie-blanke state in Afrika tot stand ... ons erken daardie state as deel van Afrika. Ons moet hulle nie as vyande beskou nie ... saam met ons, moet hulle beseft dat daar plek in Afrika is vir nie-blanke state, sowel as vir blanke state."¹⁸ Adv. Eric Louw, destydse Minister van Buitelandse Sake, het ook die standpunt gehuldig dat Suid-Afrika in die toekoms nouer sou moes saamwerk met onafhanklike state in Afrika.¹⁹ Reeds met die toename in die onafhanklikwording van Afrikastate sedert die vyftiger-en sestigerjare²⁰, was dit duidelik dat groter kontak tussen onafhanklike state en Suid-Afrika onvermydelik was. In die lig van die onafhanklikwording van Afrika, die toename in internasionale vyandigheid jeens Suid-Afrika se binnelandse beleid, die strewe van Afrikastate om Suid-Afrika te isoleer, asook ander veiligheids- en ekonomiese oorwegings²¹, was ook Verwoerd ten gunste van vriedskaplike kontak en samewerking met Afrika-state. Op 24 April 1964 het Verwoerd in die Volksraad op 'n vraag van die opposisie of dit die beleid van die Nasionale Party was om op 'n diplomatieke voet met Afrikastate te verkeer, geantwoord dat sulke diplomatieke betrekkinge en verteenwoordiging op vriendskap en goeie verhoudinge tussen state moes berus. Hy het ook verklaar dat daar diplomatieke verteenwoordiging met 'n staat in Afrika kon wees as daardie staat dit nie wou gebruik om Suid-Afrika se binnelandse beleid te ondermyn nie. Na hierdie kwalifikasies het hy wel positief op die vraag geantwoord. Hy het egter basiese riglyne neergelê waaraan diplomatieke betrekkinge sou moes voldoen. Hy het verwys na 'n gesprek wat hy met die Eerste Minister van Nigerië gehad het oor dieselfde vraag en verduidelik dat vriendskap tussen nasies die grondslag van diplomatieke verkeer is, en dat vyandige optrede, ... nie met diplomatieke betrekkinge gepaard kan gaan nie. Verwoerd het verklaar

Neem julle self die houding in van nie te wil boikot nie en nie te wil probeer inmeng in ons huishoudelike sake nie en nie ondermynende houdinge teenoor ons beleid in te neem nie, dan sal noodwendig die vraagstuk van diplomatieke verkeer moet oorweeg word. Maar ... as ons op so 'n vriendskaplike basis kom, sal ook begryp word wat die moeilikhede is en

-
17. *Hansard*, deel 94, 2.5.1957, kol.5399-5400; *Hansard*, deel 95, 18.1.1963-15.3.1963, kol.246.
 18. *Afrika-Instituut Bulletin*, 11, Nov./Des. 1966; Vgl. E. Bell, *Die Afrikabeleid van premier B.J. Vorster* (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P., 1985), pp. 19-23.
 19. E. Bell, *Die Afrikabeleid van premier B.J. Vorster*, pp. 19-23.
 20. Afrika-Instituut, 1 Januarie 1966. (Teen 1950 was daar vier onafhanklike state in Afrika, naamlik Ethiopië, Egipte, Liberië en Suid-Afrika. Teen 1965 het hierdie getal gegroei tot 38).
 21. *Afrika-Instituut Bulletin*, 11, Nov./Des. 1966; *Afrika-Instituut Bulletin*, 5, Mei 1966.

hoe mens diplomatieke verhoudinge die beste kan aanvoer.²²

Verwoerd was dus ten gunste van diplomatieke betrekkinge maar met bepaalde voorbehoude. Hiérdie voorbehoude het hoofsaaklik die metode en wyse van kontak met Afrikastate bepaal. Die kwessie van diplomatieke betrekkinge en die wyse van permanente diplomatieke verteenwoordiging was vir Verwoerd egter problematies as gevolg van die implikasies wat dit vir Suid-Afrika se beleid van afsonderlike ontwikkeling kon inhou.²³ In die lig hiervan is tradisionele diplomatieke verteenwoordiging met state in Afrika gesien as 'n saak wat met versigtigheid benader moes word. Die rede hiervoor, is geglo, was die moontlikheid dat swart diplomate maklik die middelpunt kon word van 'n binnelandse agitatie teen die regering en sy binnelandse beleid.²⁴ Hiérdie moontlikheid is dan ook in Augustus 1967 uitgespreek deur Naboth Nyadioe-Mokgatle, 'n Suid-Afrikaanse burger in Londen. Hy het diplomatieke verteenwoordiging gesien as 'n geleentheid om die beleid van apartheid in Suid-Afrika af te takel. Hy het leiers van Afrikastate aangemoedig om diplomatieke verteenwoordiging met die minderheidsregering in Suid-Afrika aan te knoop. Hy was van mening dat "die teenwoordigheid van die verteenwoordigers van Afrikastate en hulle gesinne in Suid-Afrika, die eerbied en agting wat hulle daar ... (sou) afdwing, die nodige verwarring en verbroekeling in die minderheidsgeledere (sou) veroorsaak" wat dan volgens hom, "die mure van apartheid ... soos 'n kaarthuis inmekaar (sou laat) tuimel."²⁵

As gevolg van bogenoemde redes en die feit dat swart state in Afrika hulle steun uitgespreek het vir die inmenging in Suid-Afrika se binnelandse beleid,²⁶ het Verwoerd in 1962 geweier om die Nigeriese regering se versoek om diplomatieke verteenwoordiging toe te staan.²⁷ Kenneth Kaunda se versoek, net voor Zambië se onafhanklikheid, om diplomatieke bande met Suid-Afrika aan te knoop is ook deur Verwoerd van die hand gewys. Verwoerd het Kaunda se motiewe bevraagteken omdat Kaunda aangedring het daarop dat sy diplomate net soos ander buitelandse verteenwoordigers behandel moes word.²⁸

In die lig van wat hierbo bespreek is, het Verwoerd op 24 April 1964 riglyne t.o.v. diplomatieke betrekkinge met Afrikastate neergelê. Diplomatieke betrekkinge moes selektief aangeknop word, nie neerkom op permanente verteenwoordiging nie en nie 'n invloed op Suid-Afrika se binnelandse beleid hê nie.²⁹ Permanente diplomatieke verteenwoordiging sou te duur wees en praktiese probleme tot gevolg hê vir Suid-Afrika se binnelandse beleid. Betrekkinge tussen Suid-Afrika en Afrikastate se moes op 'n ad-hoc basis gereël word. Suid-Afrika kon deur 'n reisende ambassadeur verteenwoordig word terwyl Afrikastate kabinetsministers na gelang van omstandighede na Suid-Afrika kon stuur vir samesprekings.³⁰ Hierdie metode was in die lig van bestaande vervoergeriewe en ander kommunikasiegeriewe doelmatig en prakties uitvoerbaar.³¹

-
22. *Hansard*, deel 10, 24.4.1964, kol.5044; Vgl. E. Bell, Die Afrikabeleid van premier B.J. Vorster, p. 31.
 23. *Afrika-Instituut Bulletin*, 11, Nov./Des. 1966; *Afrika-Instituut Bulletin*, 5, Mei 1966.
 24. Vgl. A.P.J. van Rensburg, *Afrika-verskeidenheid*, p. 333.
 25. *Dagbreek en Sondagnuus*, 20.9.1967.
 26. *Hansard*, deel 10, 24.4.1964, kol.5043-5045.
 27. *Hansard*, deel 3, 11.4.1962, kol.3899-3908.
 28. Vgl. A.P.J. van Rensburg, *Afrika-verskeidenheid*, p. 332.
 29. *Hansard*, deel 10, 24.4.1964, kol.5044-5045.
 30. *Hansard*, deel 10, 24.4.1964, kol. 5044-5045; Vgl. E. Bell, Die Afrikabeleid van premier B.J. Vorster, p. 32.
 31. *Afrika-Instituut Bulletin*, 11, Nov./Des. 1966.

Teen die einde van September 1966 was daar dus geen sprake van die uitruiling en verteenwoordiging van swart diplomate met Suid-Afrika nie. Verwoerd en dr. H. Muller, sy Minister van Buitelandse Sake, het die standpunt gehuldig dat ekonomiese en tegniese samewerking die basis moes vorm van vriendskaplike betrekkinge met swart-Afrika.³²

Met die uitsondering van 'n paar gevalle is Suid-Afrika tot die einde van September 1966 nie oorval met versoeke van Afrikastate om diplomatieke betrekkinge of verteenwoordiging nie. Hierdie situasie kan aan basiese drie faktore toegeskryf word. Die eerste is dat die prosesse van onafhanklikwording van Afrikastate maar pas afgehandel is, tweedens dat onafhanklike Afrikastate nie op daardie stadium belanggestel het in diplomatieke betrekkinge met Suid-Afrika nie a.g.v. sy binnelandse beleid en derdens weens die riglyne wat Verwoerd neergelê het t.o.v. diplomatieke betrekkinge met Afrikastate.³³

Ten slotte is dit duidelik dat Verwoerd diplomatieke betrekkinge met Afrikastate slegs sou aanvaar as dit nie inbreuk sou maak op die beginsels van rasseseiking in Suid-Afrika nie. Die grondslag van die binnelandse beleid moes dus nie deur diplomatieke betrekkinge ondermyn word nie. Die beginsel van skeiding moes te alle tye konsekwent op alle lewensterreine deurgevoer word want Verwoerd het geglo dat: "As 'n mens sy voet op die integrasie pad op enige lewensterrein begin sit, dan moet jy op die ou end beland by die konsekwensies ..."³⁴ (integrasie).

Vorster se interpretasie van die beleid t.o.v. Afrika

Vorster het Verwoerd se standpunt oor Afrikabetrekkinge na sy verkiesing as Eerste Minister in September 1966 gesteun en herbevestig.³⁵ Vorster se standpunt was dat, sou hierdie aangeleentheid aktueel word,

dan wil ek ... sê dat hierdie regering sal optree binne die raamwerk wat my voorganger gestel het ... in hierdie raad. Sy beleidstandpunt by daardie geleentheid is nog baie duidelik en helder in ons gees van vandag.³⁶

Vorster het ook in dieselfde toespraak, op 'n vraag van die opposisie oor wat sy houding teenoor voorgestelde kontak met die protektorate is, beklemtoon dat Suid-Afrika net goeie verhoudinge met sy buurstate wou hê en niks anders nie.³⁷

In die eerste drie maande van Vorster se bewind was daar geen tekens dat hy van Verwoerd oor kontak met Afrikastate, met die klem op diplomatieke verteenwoordiging, sou afwyk nie. Vorster en Muller het egter spoedig daarop gewys dat toenemende kontak tussen Afrikastate en Suid-Afrika in die toekoms sou plaasvind. Muller het dan ook in September 1966 in die Volksraad bekendgemaak dat daar reeds goeie samewerking was tussen Afrika-state en Suid-Afrika.³⁸ Hierdie samewerking het op daardie stadium nie diplomatieke verteenwoordiging ingesluit nie. Vorster se beleid oor betrekkinge met Afrika, het egter met verloop van tyd voorsiening gemaak vir permanente verteenwoordiging. Die

32. Vgl. A.P.J. van Rensburg, *Afrika-verskeidenheid*, p. 333.

33. J.A. du Pisani, *Die politieke verdeeldheid in Afrikanergeleedere*, p.138; G.M. Cockram, *Vorster's foreign policy* (Pretoria, 1970), p. 133; E. Bell, *Die Afrikabeleid van premier B.J. Vorster*, p. 35.

34. PV 132: dr. H.F. Verwoerd-versameling, leër 1.24.10, Brief van Verwoerd aan S. Pretorius, 26.10.1960.

35. *Hansard*, deel 17, 21.9.1966, kol.2655-2660.

36. *Hansard*, deel 17, 21.9.1966, kol.2660.

37. *Hansard*, deel 17, 21.9.1966, kol.2657.

38. *Hansard*, deel 17, 21.9.1966, kol.2911.

wyse waarop Vorster die verhoudinge tussen Afrikastate en Suid-Afrika ingeskakel het by sy uitwaartse beleid, versterk die gevolgtrekking.

In teenstelling met Verwoerd se formele ontvangs van hoofman Jonathan op 2 September 1966, wat so onopsigtelik en saaklik moontlik gedoen is om onaangename insidente te vermy,³⁹ is Jonathan sierlik deur Vorster ontvang. Twee aspekte van Vorster se benadering tot die verhouding met Afrikastate het met dié ontvangs op 10 Januarie 1967 in die Mount Nelson Hotel na vore gekom. Die eerste is dat hy bereid was om leiers van onafhanklike swart state as politieke gelykes te behandel en te aanvaar, 'n beginsel wat Verwoerd ook onderskryf het. Tweedens het hy gewys dat hy ontvanklik was vir meer kontak met Afrika-state, met die klem op diplomatieke betrekkinge.⁴⁰ Deur leiers van onafhanklike state as gelykes te ontvang en deur groter bereidwilligheid vir kontak met Afrikastate te openbaar, wou Vorster aan die buiteland wys dat hy 'n verandering in Suid-Afrika se verhouding met Afrikastate voorstaan, omdat "Die pad na internasionale aanvaarding ... deur Afrika loop."⁴¹

Ten die einde van Januarie 1967 het die regering diplomatieke betrekkinge met Afrikastate in die vooruitsig gestel. Op 'n vraag van die opposisie of die uitruil van diplomatieke verteenwoordiging in die vooruitsig gestel word, het Muller gereageer: "... ek glo dat die uitruil van diplomatieke verteenwoordiging met Afrikastate op die een of ander tyd in die toekoms wel sal plaasvind, maar laat ek dadelik ook sê dat dit nie nou 'n akuele probleem is nie."⁴² Hiermee is die indruk geskep dat, sou diplomatieke verteenwoordiging 'n akuele probleem word, die regering bereid sou wees om tot so 'n stap oor te gaan. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die regering besig was om Suid-Afrika vir so 'n stap voor te berei.⁴³ Dit het ook beteken dat die riglyne wat Verwoerd t.o.v. hiêrdie saak gestel het, geïgnoreer is. In Augustus 1967 het Muller daarop begin wys dat bestaande diplomatieke kanale soos lugvervoer en telefoonverbindinge in die toekoms onvoldoende sou wees, met die gevolg dat daar "wel 'n stadium (sal) kom waar Suid-Afrika se belange mag vereis dat ... (daar oorgegaan word) tot die skepping van permanente diplomatieke sendings veral in die geval van state wat nie so dig by die Republiek geleë is nie".⁴⁴

Met die ontvangs van Jonathan het Vorster 'n onderskeid begin maak tussen persoonlike en interstaatlike kontak. Dit het hy blykbaar begin doen met die oog op groter kontak met swart state en die kritiek op moontlike praktiese probleme wat dit kon meebring vir die binnelandse beleid. Vorster wou sy interpretasie van die beleid en sy optrede regverdig asook deur te argumenteer dat hy die Eerste Minister van Lesotho kon ontvang soos hy hom ontvang het omdat dit gegrond was op 'n interstaatlike verhouding en nie 'n persoonlike verhouding nie. Met dié argument was die sosiale vermenging wat daar tussen blankes en nie-blankes plaasgevind het dus aanvaarbaar.⁴⁵

Dit het opvallend geword dat Vorster as pragmatiese leier meer buigbaar was t.o.v. die interpretasie van die beginsels van die beleid met die oog op 'n groter doel. In hierdie opsig stel E. Bell in haar werk *Die Afrikabeleid van premier B.J. Vorster*, hierdie

39. *South African Digest*, 36, Sept. 1966.

40. J.A. du Pisani, *Die politieke verdeeldheid in Afrikanergeleedere*, pp. 141-143; G.M. Cockram, *Vorster's foreign policy*, p. 124.

41. Vgl. J.A. du Pisani, "B.J. Vorster en Afrika: Die uitwaartse beleid, dialoog en détente", Referaat gelewer by die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging te Potchefstroom, Jan. 1993.

42. *Hansard*, deel 19, 31.1.1967, kol.457.

43. J.A. du Pisani, *Die politieke verdeeldheid in Afrikanergeleedere*, pp. 141-143.

44. *Afrika-Instituut Bulletin*, 10, Nov./Des. 1967.

45. *Hansard*, deel 20, 11.4.1967, kol.4113-4114.

benadering soos volg: ("Vorster het) as opgeleide juris met groter en nugtere onbevangendheid na Suid-Afrika se buitelandse betrekkinge (ge-) kyk en ... nie die ideologiese slagoffer van apartheid soos Verwoerd (ge-) word nie."⁴⁶ Vorster se pragmatiese leierskap, sy uitwaarts-gerigtheid en gevolglike ontspanningspolitiek teenoor Afrika in 'n poging om Suid-Afrika se saak te bevorder, het op 15 Februarie 1967 duidelik geblyk toe Malawi Suid-Afrika genader het oor moontlike diplomatieke betrekkinge. Diplomatieke betrekkinge met 'n Afrika-staat wat eers 'n probleem vir die toekoms was, het nou aktueel geword. Vir Vorster was dit 'n geleentheid om sy uitwaartse beleid konkreet toe te pas. Hy het met dringendheid beweeg om diplomatieke betrekkinge met Malawi teen September 1967 te vestig. Albert Hertzog het gewaarsku dat daar goed oor so 'n stap besin moes word,⁴⁷ wat in ooreenstemming was met die standpunt van Vorster se voorgangers. Volgens Du Pisani was dit vir Hertzog duidelik dat Vorster klaar besluit het om 'n diplomaat toe te laat, omdat Malawi 'n witman sou stuur.⁴⁸ Hierdie optrede van Vorster het by implikasie beteken dat hy afgewyk het van die riglyne wat deur Verwoerd gestel is⁴⁹ en dat hy die weg berei het vir die geleidelike aftakeling van die beginsels van afsonderlike ontwikkeling (die vraag oor swart diplomate se teenwoordigheid, hulle aansprake op gelyke behandeling as diplomate en hulle invloed op "klein apartheid"). Die idee dat die Afrikaner moes begin wegbeweeg van 'n inwaartsgerigte benadering en toenemend hom uitwaarts moes rig, het onder leiding van Vorster met sy uitwaartse beleid sterker na vore gekom.⁵⁰

Die besluit van Vorster om diplomatieke betrekkinge met Malawi aan te knoop met diplomatieke verteenwoordiging as noodwendige gevolg, het verskillende reaksies tot gevolg gehad. Die twee groot Afrikaanse koerante naamlik *Die Burger* en *Dagbreek en Sondagnuus*, wat vurige ondersteuners en voorstaanders van Vorster se uitwaartse beleid was, het positief op Vorster se besluit gereageer. Piet Cillie, redakteur van *Die Burger*, het soos volg gereageer:

Ons rol in Afrika het meer geword as 'n teoretiese begeerte: dit is reeds 'n beweging met toenemende momentum en doelgerigtheid. Dit is ons antwoord op die gevare van isolasie en beleg wat ander vir ons voorspel en berei het.⁵¹

Dirk Richard, redakteur van *Dagbreek en Sondagnuus*, het soos volg gereageer op die vraag of Vorster afgewyk het van die tradisionele beleid oor betrekkinge met Afrika:

Wie so dink, dink nie. Dit is ... (nie) 'n afwyking van Nasionale Party beginsels (nie) ... wat nou gebeur is net 'n aanpassing by die nuwe eise van die nuwe tye.⁵²

-
46. E. Bell, Die Afrikabeleid van premier B.J. Vorster, p. 44.
 47. J.A. du Pisani, Die politieke verdeeldheid in Afrikanergeleedere, p. 145.
 48. J.A. du Pisani, Die politieke verdeeldheid in Afrikanergeleedere, p. 146 (geneem uit die dr. Albert Hertzog-versameling, Algemene aantekeningeboek, 1967, pp. 13602-13607). Die aanvanklike blanke diplomaat is in 1971 vervang met 'n swart diplomaat. Vgl. N.J. Rhoadie, *South African dialogue: Contrasts in South African thinking on basic race issues* (Johannesburg, 1972), pp. 554-555.
 49. Vgl. E. Bell, Die Afrikabeleid van premier B.J. Vorster, pp. 77-80.
 50. *Die Burger*, 18.5.1967; *Die Transvaler*, 12.8.1967.
 51. *Die Transvaler*, 2.2.1967.
 52. *Dagbreek en Sondagnuus*, 5.2.1967, Dirk Richard, "Na my Mening".

Hy het voorts Vorster se beleid tot Afrika beskryf as:

... blyke van logiese vordering, van 'n Suid-Afrika, nog steeds binne die voorskrifte van segregasie, wat die moeliker fases van praktiese beleidstoepassing en internasionale verkeer met swart state binnegaan.⁵³

Terwyl die Afrikaanse pers Vorster se beleid teenoor Afrika verwelkom het, het die verset teen Vorster se beleid en benadering in konserwatiewe kringe in die Nasionale Party begin toeneem.⁵⁴ Dit het later wel duidelik geword dat Vorster se beleid oor diplomatieke betrekkinge met Afrika van Verwoerd se riglyne afgewyk het. Uit konserwatiewe kringe in die Nasionale Party is hy daarvan beskuldig dat hy daarmee die Nasionale Party beginsels ondermyn het. Vorster moes daarop reageer. Ter verdediging van sy besluit om met Malawi diplomatieke betrekkinge aan te gaan, het Vorster op 16 Augustus 1968 in 'n toespraak op Heilbron aangevoer dat elke Eerste Minister sy eie probleme het en oplossings daarvoor moes vind, maar dat die benaderings tot die oplossings sou verskil van vorige benaderings tot vorige probleme. Hy het beklemtoon dat sulke oplossings rekening moes hou met veranderende omstandighede.⁵⁵ Oor die kwessie van diplomatieke betrekkinge met Malawi, het hy het volle verantwoordelikheid vir sy besluit aanvaar en die stap verdedig deur aan te voer dat daar nie tot so 'n stap in Malan en Strijdom se tyd oorgegaan is nie, omdat daar nie op daardie stadium onafhanklike swart state in Afrika was nie.⁵⁶

Vorster het verduidelik dat sy besluit nie 'n afwyking van die beleid en beginsels van die Nasionale Party verteenwoordig het nie, en dat sy besluit nie sou lei tot 'n verandering in die beleid van afsonderlike ontwikkeling nie.⁵⁷ Op die vraag wat hy sou doen as 'n staat sou besluit om 'n swart verteenwoordiger te stuur, het hy soos volg gereageer:

Voordat ek 'n verteenwoordiger na 'n land kan stuur, dan is die vaste gebruik dat ek eers toestemming vir daardie land moet vra, ek moet sê ek wil mnr. A. stuur, hier is sy lewensgeskiedenis, so lyk hy, dit is sy agtergrond, is julle bereid om hom te aanvaar? En dan sê daardie land vir my ja of hulle sê vir my nee en as die land sê nee dan gaan hy net nie of as ek sê nee dan kom hy net nie.⁵⁸

Hiermee het Vorster die indruk geskep dat, as so 'n situasie sou ontstaan, die regering die binnelandse beleid van Suid-Afrika sou gebruik as 'n meganisme om die voorgestelde verteenwoordiger te aanvaar of nie. Hierdie gevolgtrekking word gesteun deur Vorster se besluit om diplomatieke betrekkinge met Malawi aan te gaan, aangesien die staat bereid was om 'n blanke persoon as verteenwoordiger na Suid-Afrika te stuur.

Uit die bogenoemde blyk dit dat Vorster t.o.v. diplomatieke betrekkinge met Afrika geleidelik afgewyk het van die riglyne soos deur Verwoerd uiteengesit. Dit het beteken dat

53. *Dagbreek en Sondagnuus*, 5.2.1967, Dirk Richard, "Na my Mening."

54. Vgl. A.P.J. van Rensburg, *Afrika-verskeidenheid*, p. 340; N.J. Rhoadie, *South African dialogue*, pp. 554-555.

55. PV 132: adv. B.J. Vorster-versameling, leër 3.6.97, Toespraak van Vorster te Heilbron op 16.8.1968.

56. PV 132: adv. B.J. Vorster-versameling, leër 3.6.97, Toespraak van Vorster te Heilbron op 16.8.1968.

57. PV 132: adv. B.J. Vorster-versameling, leër 3.6.97, Toespraak van Vorster te Heilbron op 16.8.1968.

58. PV 132: adv. B.J. Vorster-versameling, leër 3.6.97, Toespraak van Vorster te Heilbron op 16.8.1968.

hy die beginsels waarop die beleid gebaseer is, geleidelik begin aanpas het om 'n ander doel te bereik, naamlik die verbreking van Suid-Afrika se isolasie.

Slot

Vorster se interpretasie van die beleid oor Afrika met die klem op diplomatieke betrekkinge en verteenwoordiging was dus nie die logiese ontplooiing van Verwoerd se interpretasie van hierdie saak nie. Soos Verwoerd het Vorster geglo in nouer samewerking met onafhanklike Afrika, maar die verskil tussen Verwoerd en Vorster se interpretasie van die beleid t.o.v. Afrika lê egter by diplomatieke betrekkinge. Verwoerd was in beginsel nie teen die sluit van diplomatieke betrekkinge met swart state nie, mits daar aan bepaalde vereistes voldoen word. As daar dan aan hierdie vereistes voldoen is, het Verwoerd bepaalde riglyne neergelê wanneer diplomatieke betrekkinge met 'n Afrikastaat gesluit kon word. Hierdie riglyne het behels die selektiewe aanknoop van betrekkinge met swart state, wat nie moes neerkom op permanente verteenwoordiging nie en nie 'n invloed op Suid-Afrika se binnelandse beleid moes hê nie. In die lig hiervan het Verwoerd dan alternatiewe metodes van kontak met Afrikastate voorgestel.

Op sy beurt het Vorster ook die beginsel van geen inmenging en geen hervorming in Suid-Afrika se binnelandse beleid gestel as 'n voorwaarde vir die aanknoop van diplomatieke betrekkinge, maar die riglyne wat Verwoerd neergelê het vir die aanknoop van diplomatieke betrekkinge is egter in Vorster se interpretasie van die Afrikabeleid geïgnoreer. Die rede hiervoor lê in die belangrike rol wat Vorster se Afrikabeleid gespeel het in sy uitwaartse beweging. Met sy uitwaartse beleid wou Vorster Suid-Afrika se isolasie verbreek deur aan die wêreld te wys dat hy 'n verandering in Suid-Afrika voorstaan. Deur dus diplomatieke betrekkinge met Afrikastate te sluit, het hy geglo dat hy in sy doel kon slaag. Die implikasie hiervan is dat sy Afrikabeleid afgewyk het van die Nasionale Party se beleid van skeiding op alle terreine en Verwoerd se riglyne vir buitelandse betrekkinge. Sy interpretasie van die Afrikabeleid het dus 'n afwyking van die beginsel van skeiding weerspieël. Vorster se ondogmatiese benadering tot die toepassing van die beleid van afsonderlike ontwikkeling het daartoe gelei dat hy in die implementering van sy Afrikabeleid meer klem gelê het op die praktiese implikasies van die beleid en die eise van omstandighede as die prinsipiële basis daarvan. Vorster het hom dus nie slegs laat lei deur die beginsels van skeiding nie (soos Verwoerd), maar deur die eise van veranderende omstandighede. Gesteun deur sy sportbeleid het Vorster se interpretasie van die Afrikabeleid die grondslag gelê vir die verdere ondermyning van die beleid van afsonderlike ontwikkeling.